# *DIE KALAHARI-DOPPERS*

*Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Ghanzi*

*C B Swanepoel*

W
TB284.268711
SWA

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

***Copyright © 2018 North-West University All rights reserved***

# DIE KALAHARI-DOPPERS

## Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Ghanzi

*Skripsie voorgelê in die vierde*
*studiejaar vir die graad*
*Theologiae Baccalaureus in die*
*Fakulteit Teologie aan die*
*Potchefstroomse Universiteit*
*vir Christelike Hoër Onderwys.*

*deur*

*Christoffel Bernardus Swanepoel*

*onder leiding van Prof. V.E. D'Assonville*

*Potchefstroom*
*September 1985*

# V O O R W O O R D

*Ek bedank almal wat my deur die*
*jare gevorm het om so 'n studie*
*te kon maak, van harte.*

*'n Besonderde woord van dank aan Professor*
*V.E. D'Assonville, my Teologiese Professor*
*in Kerkgeskiedenis vir sy hulp en voorbeeld*
*aan my.*

*Aan ds. Braam en Willemien le Roux van D'Kar,*
*'n woord van dank vir hulle opofferings en*
*bystand tydens my navorsing in Botswana.*

*Ook aan al die persone wat aan my onderhoude*
*toegestaan het oor die onderwerp, veral*
*Prof. M.A. Kruger en ds. H.A. Louw vir*
*besondere moeite.*

*Aan mev. E. Buys vir die tikwerk, en*
*ds. I.J. Lessing vir hulp in die argief*
*en met die opstel van die Literatuurlys -*
*'n woord van opregte dank.*

*Ek wil my vrou Griet baie dankie sê*
*vir haar liefde en motivering.*

*Ek loof die Hemelse Vader vir sy genade*
*om te kon skryf oor*
*een van sy goue kandelare*
*wat die Lig in Afrika laat skyn.*

*Met alle erkentlikheid aan Hom, dra*
*ek hierdie studie op aan my ouers.*

## INLEIDING

### Objek van ondersoek

Die objek van hierdie studiestuk is die geskiedenis van die Gereformeerdes in die gebied, vandag bekend as Botswana, meer spesifiek die Ghanzi-omgewing en die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Ghanzi. Daar word ook aandag geskenk aan die Gereformeerde gemeente Rusplaas en die sendingwerk van die Gereformeerdes te D'Kar.

### Aktualiteit en noodsaaklikheid.

Historiese bronne wat handel oor die Gereformeerde Kerke is volop. Selfs so ver noord as Kenia het die Gereformeerdes hulle spore gelaat en daar is pragtige boeke oor geskrywe om die gebeure vir die nageslag te teken. Oor die wel en weë van die Gereformeerdes in Botswana is daar egter nog geen geskiedenis van geskryf nie. Dit is vreemd, aangesien dit vir ons 'n pad van hoogtepunte en laagtepunte teken met baie lesse daarin opgesluit. Dit is ook 'n deel van die verlede waarin baie vrae opgeduik het, waarvan sommiges tot vandag toe onbeantwoord bly. 'n Geskiedenis wat klink na 'n Roman, vol van verhoudings tussen mense, groepe en instellings. 'n Geskiedenis wat vertel van 'n blanke minderheid in 'n Swart staat en hulle stryd om dit te kersten. Die aktualiteit van die studie spreek vanself, en die noodsaaklikheid daarvan is verdedigbaar, vir sover dit 'n bydrae lewer tot die verhaal van die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika.

### Begrensing

Hierdie onderwerp is enigsins 'n wye veld vir 'n studiestuk. Omdat dit 'n eerste poging van hierdie omvang in hierdie veld is, is daar gepoog om volledig te wees vir sover die omvang dit toelaat.

Dit is 'n historiese studie wat deur die Kerkgeskiedenis as Teologiese Wetenskap begrens word, hoewel relevante besluite van kerklike vergaderings ook weergegee word.

## Metode

Aangesien hierdie studie poog om 'n historiese oorsig te gee oor die aanloop, stigting, ontwikkeling en ontbinding van die Gereformeerde Kerk Ghanzi word gebeure oor die algemeen in kronologiese volgorde weergegee.

Heelwat van die bronne is beskikbaar by die Argief van die Gereformeerde Kerke in S.A. Onderhoude wat deur my afgeneem is, is ook op band beskikbaar.

INHOUDSOPGAWE


1. KRUISDOPPERS IN GORDONIA . . . . . . . . . . . . . . . 4

2. OPSOEK NÀ 'N NUWE LEWE . . . . . . . . . . . . . . . . 6

3. GHANZI TOE! . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

4. DIE KAAP BIED HULP . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

5. VERSTERKING UIT ANGOLA EN SUIDWES-AFRIKA . . . . . . 14

6. 'N EIE GEMEENTE! . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16

7. RUSPLAAS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21

8. DIE EERSTE JARE AS GEMEENTE. . . . . . . . . . . . . . 29

9. 'N NUWE KOMBINASIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

10. TERUG SUIDWES TOE . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34

11. KOMBINASIE MET ARANOS . . . . . . . . . . . . . . . . 35

12. SENDINGWERK OP D'KAR. . . . . . . . . . . . . . . . . 41

13. DIE EINDE VAN 'N ERA . . . . . . . . . . . . . . . . 44

14. SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50

## 1. KRUISDOPPERS IN GORDONIA


Die spore wat die Gereformeerde belydenis, deur die Kalahari tot in Botswana gebring het, begin in die Noordweste van die Kaapprovinsie. Spore wat getrap is deur die Trekker T.N. Kotzé. Hy was een van 'n aantal lidmate behorende tot die Nederduitse Gereformeerde gemeente Upington, wat geesgenote was van diegene wat reeds afgeskei en Kerke onder die Kruis gestig het. (Oberholster: 1956, p. 253).

Theunis N. Kotzé is gebore op 9 Julie 1866 op die plaas Ribbokfontein in die distrik Calvinia. In 1887 tree hy in die huwelik met Maria Magrietha Booysen. In sy vroeëre lewe woon hy in die distrikte Warmad, (S.W.A.), Upington en Keetmanshoop. In 1904 breek die Hottentotsoorlog uit, en hy en sy gesin trek terug na Upington. Hy onderskei homself as 'n voorganger in die kerklike lewe, en ook op die opvoedkundige terrein.

Die Belydenisskrifte in die kerk en die lewe van die gelowige was vir br. Kotzé baie belangrik. Daarom het hy die inhoud van die belydenisskrifte by die katkisasielesse, wat hy waargeneem het, aangebied. Hy bots hieroor met ds. A.G.T. Schoevers. T.N. Kotzé tree in korrespondensie met ds. S.J. du Toit. Hy dui aan dat hulle gemoedsbeswaar het om nog die band met die N.G. Kerk te behou, alhoewel hy nie besware het teen die geloofsbelydenis van dié kerk nie. Tog meen hy dat lidmate moet beloof dat hulle aan die Formuliere van Enigheid getrou sal bly.

In 1908 vra T.N. Kotzé dat ds. du Toit na Mier (in Gordonia distrik) moet oorkom. Toe ds. du Toit in 1909 daar aankom is daar reeds afgeskei. Op 20 Mei 1909, stig veertien beswaardes te Mier, onder voorsitterskap van ds. S.J. du Toit 'n Kerk onder die Kruis. (Oberholster: p. 255). Ds. du Toit doop ook 'n dogterjie, M.M. Kotzé wat in Maart 1909 gebore is. (GZI Doopregister: 1909-1973).

Op 16 November 1911, ontvang die gemeente besoek van ds. T. Hamersma van die Gereformeerde gemeente Phillipstown. Daar word die Woord en Sakramente bedien. Op die plaas Leudlandspan word vier kindertjies gedoop - Kotzé, Fourie, Burger en Bekker (GZI Doopregister: 1909-1913).


181

Note

Doop-Boek
der
Gereformeerde Kerk Onder het
Kruis in Gordonia Mei 21. 1909
T. N. Kotze Ouderling
der
Gereformeerde Kerk Onder het
Kruis in Gordonia


In 1916 het die Kruis Gemeente
(van) (Gordonia) Oorgegaan
na die Gereformeerde Kerk
van
Suid-Afrika

'n Uittreksel uit die Doop-en Lidmaatregister van die Gereformeerde Kerk Ghanzi waarby ingesluit dié van die Kruiskerk in Gordonia.

## 2. OPSOEK NA 'N NUWE LEWE

### "Laaste dae in Babilon"

Ouderling T.N. Kotzé was 'n streng man, onderlê in die waarhede van die Christelike lewe. Hy het ook die sterrekunde bestudeer (Russel: 1979, p. 105). Daar is na hom verwys as die man met die Bybel in die hand.



'n Foto van Oom Theuns Kotzé (links voor) saam met familie tydens 'n begrafnis. Regs van Oom Theunis is twee van sy seuns, Paul en Boy Kotzé.

Toe Oom Theuns Kotzé al die gebeure op die kerklike terrein en ook op die politieke terrein sien verander, het dit hom ontsteld gestem. Die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914 was vir hom die finale teken dat die laaste dae aangebreek het. Op grond van Openbaring 18:4 het Oom Theuns geoordeel dat hy en sy familie uit Babilon uit moet wegtrek.

Hy wou nie deel hê aan die Rebellie of die Oorlog nie. T.N. Kotzé was weer op die trekpad, Noordwaarts ... deur die Kalahari in die rigting van Brits-Betsjoeanaland. Presies waar sy pad deur die wildernis sou gaan en waarlangs hy deur gebeur het, is moeilik om vandag te sê!

In dieselfde omgewing het 'n Kleurlingfamilie gewoon met die van Camm. Hulle het in die Upingtondistrik by Rietfontein gewoon en was lidmate van die Luthers Evangeliese Kerk.



Mev. H.D. Kotzé (geb. Camm) was een van die lidmate van die Luthers Evangeliese Kerk in Upinton wat saam met die Kotzés Noord getrek het.

Met die uittog na die Noorde het die Camm familie ook getrek. Volgens mev. H.D. Kotzé (gebore Camm) het 'n Duitse magistraat hulle familie kom adviseer om weg te trek, aangesien die oorlog baie vreemde elemente

na die land sou bring, veral Engelse wat nie by hulle mense sou pas nie (Kotzé, H.D. : 1985, Band).

Ander trekkers wat ook saam met die Kotzés getrek het, was die familie Burger wat onder leiding van J.H. Burger die Kaap verlaat het. Later het S.J. Burger ook Noord getrek, om by die groep aan te sluit (Coetzee, M.M.: 1985, Band).



Sarel Jacobus Burger (1892-1952).

## Alleen in die Kalahari

In die hartjie van die Kalahari, op 'n plekkie met die naam Lehututu, in die Protektoraat, kom Oom Theunis Kotzé tot stilstand. Lehututu was in daardie dae 'n kruispunt van trekpaaie, en 'n bymekaarkomplek in die Kalahari. Die naaste spoorwegstasies was Mafeking en Lobatsi, ongeveer 400 km. daarvandaan. Oor hierdie plekkie het transportwaens deur die swaar sand gesukkel en die polisiepatrolies op kamele het daar gerus en water gedrink. Oom Theuns vestig hom voorlopig hier en probeer om deur smidwerk 'n lewe te maak (Anon. (17).1952, p. 121).

Gedurende hierdie tyd, slaag br. Kotzé om in korrespondensie te tree met ds. J.H. Kruger van die Gereformeerde Kerk Postmasburg en slaag hy daarin om saam met sy familie in die Gereformeerde Kerkverband opgeneem te word in 1916. In die briewe skryf hy dat hulle eensaam is en nie sonder kerk kan uithou nie. (Kruger, J.H.: 1955, p.143). Ds. Kruger kon met die swak posverbinding nie reëlings tref om hulle te besoek nie. Die moeilikheid was ook om op Lehututu te kom, want dit moes per transportwa-geleentheid gaan. Dit sou 'n kwessie van maande en maande wees. Ses jaar na hulle aankoms op Lehututu, was die Kotzés egter weer op die trekpad. Oom Theuns en sy gesin, sewe seuns en drie dogters het weer die onbekende aangedurf.

## 3. GHANZI TOE!

Die tog het baie geverg. Amper 400 km deur 'n onherbergsame onbewoonde wêreld vol ongediertes en sonder water. Die osse moes met sammas en gemsbokkomkommers tevrede wees. Eindelik kom hulle in die Ghanzidistrik, of soos dit toe bekende was, Gansiesland aan. Die geestelke nood was baie groot. Die posisie teen die begin van 1921 was dat daar alreeds twee van Oom Theuns se kinders getroud was en vyf kleinkinders alreeds gebore is, sonder dat een gedoop is.

### Bedieningsnood

In dié omgewing het dit nie veel beter gegaan nie. As 'n opsomming gemaak word van die situasie in Ghanzi toe die Kotzés daar ingetrek het, lyk dit ongeveer so:

Die eerste blanke boere wat dié gebied ingetrek het met die doel om te vestig was 'n groep wat in April 1895 onder leiding van ene Kaptein Fuller daar aangekom het. Hulle het ongeveer drie maande lank vanaf Transvaal deur die Kalahari getrek. Drie jaar later vestig nog vier-en-twintig gesinne hulle in die Ghanzidistrik. Veertig plase van 5000 morg elk word aan die blanke nedersetters gegee om te ontwikkel (Van der Walt: 1983, p. 2). Vandag word nog van dié vroeëre trekkerfamiliename in Botswana raakgeloop nl. du Plessis, Drotsky, van Heerden en andere. In die vroeë jare van hierdie eeu in 1904, trek nog dertig gesinne onder andere Van Stadens, Pretorius en Taljaards van die Rustenburg omgewing oor Lobatse en vestig hulle in die Ghanzidistrik. Hierdie eerste groepe intrekkers was oorwegend lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, maar ook onder hulle was die bediening deur predikante baie skaars. 'n Sekere ds. Conradie van die NG-Kerk het vir 'n jaar lank op die plaas Serewi by lidmate gewoon, die mense geestelik versorg en skoolgehou. (Van Staden: 1985, Band).

Met die koms van die Kotzés en hulle geselskap het die Gereformeerdes vir die eerste maal 'n vastrapplek in Botswana gehad. Oom Theunis Kotzé het self as ouderling en geestelike vader van die gemeenskap begin optree. Hy het leesdienste gehou by geleentheid, katkisasie gegee aan kinders op die plase en die leiding op vele gebiede geneem. Hy is deur baie as hulle predikant gesien en het volgens oorlewering selfs die seën uitgespreek nadat hy by byeenkomste opgetree het. (Van Staden: 1985, Band).

**Hoera vir die Dominee!**

Van Ghanzi af, ontvang ds. J.H. Kruger 'n smeekbrief van Oom Theunis. Hulle soek 'n predikant om Woord en Sakramente op Ghanzi te kom bedien. In Mei 1921 vertrek ds. Kruger met onbepaalde verlof vanaf Potsmasburg per posmotor na Windhoek. Daarvandaan na Gobabis oor Oas tot by die Suidwesgrens. Daar wag die Kotzés met 'n wa en osse by Olifantsfontein, die Engelse Polisiestasie. Uiteindelik, na 'n vermoeiende reis per motor, trein, skotskar, donkiekar, ossewa, te voet en te perd het ds. Kruger met meer as 2000 km agter die rug in Ghanzi by Oom Theunis op die plaas aangekom. (Kruger, J.H. 1955, p. 147). Die plaas se naam was Eerste Rus, en hy het die 5000 morg teen minder as twee shillings per morg gekoop (Russel: 1979, p. 104).

Die aankoms van die predikant was 'n groot geleentheid. Oom Theunis se grasdakhuis moes as kerk dien. Die buurmense het almal kom kyk, 'n koor het gesing en die deftig geklede mense het mekaar die hand gedruk. 'n Groot bokseil is gespan vir skaduwee, en een van die broeders het spesiaal vir die geleentheid 'n patroon gelaai om vir die dominee 'n hoera-skoot te skiet. Per ongeluk is die patroon met te veel kruit gelaai vir die geleentheid en toe die broeder die skoot afvuur, het dit ontplof, die geweer uitmekaar geruk en amper 'n lelike ding afgegee. Nadat almal tot bedaring gekom het, het die dominee maar net verleë geglimlag (Van Staden: 1985, Band).

Ds. Kruger het 'n paar weke by Oom Theunis gebly. Die belydenisklas is waargeneem en sensuur moes uitgeoefen word. Op 26 Junie 1921 doop

hy te Noegas nege kinders, onder wie families soos Burgers, Kotzés, Taljaard, Swarts, du Plooy en du Plessis (GZI Doopregister: 1909-1973). Die Sakramente word ook aan die lidmate van die Rhynse Sendinggemeente bedien.



Ds. J.H. Kruger
Eerste Gereformeerde predikant in Ghanzi

Ghanzi het 'n wyk van Postmasburg geword, en in daardie selfde jaar het br. T.N. Kotzé se naam in die Almanak gestaan as ouderling van Postmasburg.


## 4. DIE KAAP BIED HULP

Na die heerlike besoek en bediening van ds. H.J. Kruger, verloop daar sewe jaar voordat Gansieland weer 'n Gereformeerde predikant sou sien. Vroeg in 1928, plaas ds. T. Hamersma van Colesberg 'n kennisgewing in die Duits-Suidwes Koerant waarin hy die volgende meld. Die Partikuliere Sinode van die Kaap Provinsie het 'n leraar benoem om na Gansiesland te gaan en dan ook die lidmate in die Duits-Suidwes te besoek. Mense wat in klompies saambly word gevra om kerk te bestel en dat die woonplase se adresse ook saamgestuur moet word. Die beste manier hoe om daar uit te kom moet ook getoon word. Aan dié leraar word opgedra om die lidmate soveel moontlik te besoek en die Woord en Sakramente te bedien (Snyman: 1970, p. 16).

Ds. W.J. Snyman besoek die Gereformeerdes in Ghanzi omgewing in die middel van 1928. Met hierdie geleentheid sluit die familie Taljaard by die Gereformeerde Kerk aan. Die getalle van die Gereformeerde lidmate in Ghanzi het stadigaan begin groei. Ou vader Kotzé tree steeds as ouderling op en beywer hom om meer gereeld bediening van Woord en Sakramente te verkry. By hierdie geleentheid doop ds. Snyman tien kinders onder wie Burgers, Taljaards en Kotzés. Dit vind plaas op 24 Junie 1928 te D'Kar (GZI Doopregister: 1909-1973).

## 5. VERSTERKING UIT ANGOLA EN SUIDWES-AFRIKA

Met die groot terugtog van die Dorslandtrekkers uit Angola na Suidwes-Afrika, het baie Gereformeerdes hulle in Suidwes kom vestig. Vanaf die einde 1928 tot 1929 het Van der Merwes, Oppermans, de Jagers, Swarts, Venters en ander families hulle in gemeenskappe in Gobabisdistrik versamel. (Van der Merwe: 1951, p. 208). Die koms van die Angola-boere na Suidwes-Afrika was vir die lidmate van Ghanzi 'n ware uitkoms. Dit het vir hulle die moontlikheid geopen om meer gereeld die bediening van Woord en Sakramente te ontvang, want uit die Unie was hulle baie moeilik bereikbaar. Nou kon predikante uit Suidwes hulle makliker hom besoek.



Ds. H.F.V. Kruger

In 1932 kom die versterking uit Suidwes-Afrika. In die winter van daardie jaar, besoek ds. H.F.V. Kruger vanaf Gobabis die mense in Ghanzi. Op 12 Junie 1932 doop hy op Eerste Rus vyf kindertjies nl.

Burgers, Kotzé, Uickerman en Goosen. Twee van die kinders was lidmante van die N.G.-Kerk (GZI Doopregister: 1909-1973).

By hierdie geleentheid word br. T.G.N. Kotzé oudste seun van Oom Theunis, in die amp van diaken bevestig. Sy vader se kragte was besig om af te neem en hy kon hom nou in die kerklike werk ondersteun.

Die volgende besoek van 'n predikant was in 1935 deur ds. T.T. Spoelstra. Op 26 Mei 1935 doop hy twee Kotzé kindertjies op Eerste Rus. By hierdie geleentheid word Br. T.G.N. Kotzé as ouderling bevestig, aangesien sy ou vader se gesondheid hom nie langer toegelaat het om in die amp te dien nie. Die volgende predikant wat in Ghanzi besoek afgelê het was 'n N.G. predikant, ds. S.H. van der Spuy wat in November 1937 twee kinders op D'Kar doop en weer in Julie 1939, het ds. Le Roux, ook van die N.G.-Kerk drie Gereformeerde kindertjies gedoop (GZI Doop- en lidmaatregister: 1909-1973). Vanaf 1941 tot 1944 het ds. J.L. van der Merwe van die Gobabis-kombinasie die Gereformeerde lidmate in Ghanzi meer gereeld kom besoek. Hy bedien die Woord en Sakramente in April 1941, Junie 1942, September 1943 en April 1944. In hierdie tyd doop hy altesaam sestien kinders. In Oktober 1944 besoek ds. F.J. Hay van die N.G.-Kerk ook Ghanzi en doop een kindjie (GZI Doop en lidmaatregister: 1909-1973).

In hierdie tyd word Ghanzi amptelik 'n wyk van Gobabis. Kerkregtelik is dit 'n vraag of alles pluis was met hierdie verwikkeling aangesien Ghanzi op daardie stadium nog 'n wyk van Postmasburg was en later deur Partikuliere Sinode Kaapprovinsie bedien is. Ds. J.H. Kruger skryf dat die imperialistiese Gobabis sommer vir Ghanzi geannekseer het (Kruger: 1955, p. 148). Aan die ander kant moet ook in ag geneem word dat Ghanzi op daardie stadium al vir meer as tien jaar via Gobabis bedien is.

## 6. 'N EIE GEMEENTE!

### Kerkbou

Die tyd het ryp geword vir die Gereformeerdes in Ghanzi om inhoud te gee aan die bediening en groei oor die jare. Oom Theunis Kotzé het die lidmate aangespoor om 'n kerkgebou op te rig. In 1946 skenk hy twee morg van Eerste Rus aan die Kerk sodat dit kan dien as perseel vir die gebou. 'n Netjiese geboutjie met 'n grasdak word opgerig.



'n Gedeelte van die twee morg grond van die plaas Eerste Rus wat Br. T.N. Kotzé geskenk het om 'n kerkgebou op te rig.

Op 27 Julie 1947 word die kerkgeboutjie plegtig in gebruik geneem met die besoek van ds. L.J. Botha aan Ghanzi. Ou Oom Theunis was al baie swak. Daar is vir hom voor die kansel 'n bed reggemaak sodat hy

gemaklik, saam met die gemeente na die Woord kon luister en die Nagmaal kon vier. Daar is ook 'n aantal kinders gedoop by hierdie geleentheid. (Du Plessis, M.M. 1985, Band).

**Gemeentestigting**

Die volgende besoek van ds. Botha was in Julie 1948. Saam met hom was deputate van die Klassis S.W.A. Hulle het gekom om 'n Gereformeerde gemeente in Ghanzi te stig! Na probleme op pad, arriveer hulle ongeveer twee uur die nag op die Taljaards se plaas, D'Kar. Daar het die susters nog vir hulle 'n warm ete gereed gehad. Dit kon ook nie wag nie, of ds. Botha moes daardie tyd van die nag by ou Vader Theunis gaan siekebesoek doen. (Botha: 1985, Band).

Op 3 Julie 1948 vergader die deputate vanaf Suidwes saam met die ouderlinge van Ghanzi (toe nog van Gobabis) om gemeentestigting ter tafel te neem, onder voorsitterskap van ds. L.J. Botha. Teenwoordig is

Ouderlinge:

J.A. Opperman - Gobabis, M.C. Horn - Windhoek, P.T. Labuschagne Bitterwater, T.G.N. Kotzé - Ghanzi, C.J.H. du Plessis - Ghanzi.

Die eerste dubbeltalle vir twee wyke, naamlik die Koutsawyk en die Eersteruswyk, word as volg saamgestel.


| | |
|---|---|
| Koutsa Ouderlinge : | Br. C.J.H. du Plessis, Br. W.J. Taljaard. |
| Diakens: | Br. P. Lewis, Br. T.J. Kotzé. |
| Eerste Rus Ouderlinge: | Br. T.G.N. Kotzé, Br. J.H. Burger. |
| Diakens: | Br. J.P. Snyman, Br. B.J.P. Kotzé. |

Die gemeente vergader om 11 uur die oggend om kerkraadslede te verkies. Die eerste kerkraad van die Gereformeerde Kerk Ghanzi word as volg bevestig.

Ouderlinge: Br. T.G.N. Kotzé, Br. C.J.H. du Plessis

Diakens: Br. P. Lewis, Br. B.J.P. Kotzé.

Ghanzi stig nou formeel van Gobabis af en word 'n selfstandige gemeente wat in kombinasie met Gobabis tree. Ghanzi word 'n konsulentgemeente van Gobabis en ds. L.J. Botha is hulle predikant (GZI Notule: Jul. 1948). Van nou af sou die ouderlinge en diakens self kerkraadsvergaderings hou, en daar sou gereeld twee maal per jaar die Heilige Nagmaal gevier word. Die predikant doen dan huisbesoek voor nagmaal saam met die ouderlinge, hou voorbereidingsdiens en nabetragting. Al die lidmate kamp dan tydens 'n nagmaalnaweek in hulle tente rondom die kerk en hou groot kampvuuraande saam as gemeente (Botha, L.J.: 1985, Band).



Vandag is daar nog net bouvalle te sien van die Kerkgebou op Eerste Rus.

Die lidmate register by die stigting van die gemeente in Ghanzi tel vyf-en-veertig belydende lidmate.

Hulle is Br. T.N. Kotzé br. T.G.N. Kotzé, Sr. S.C.P.E. Labuschagne, Br. T.N. Kotzé (Jnr.) Br. M.C. Taljaard (Snr.) Sr. A.M. van Staden, Br. W.J.I.M. Taljaard, Br. S.H. Taljaard, Br. J.H. Burger, Sr. A.C. Kotzé, Br. T.N. Burger, Br. J.S. Burger, Br. J.P. Kotzé, Sr. M.C. Taljaard, Br. S.H. Lewis, Sr. M.M. Burger, Br. C.J.H. van Heerden, Sr. A.A.G. Burger, Br. G. Kotzé, Br. J.F. Taljaard, Sr. M.M. Swarts, Br. M.J. Taljaard, Sr. A.A.G. Kotzé, Br. E.F. Gower, Br. A.T. Gower, Sr. I. Gower, Br. B.J.P. Kotzé, Sr. J.M. Swarts, Br. M.C. Taljaard (Jnr.), Sr. M.M. Burger, Br. P.J. Lewis, Sr. P.I. Grobler, Br. H.N. du Plessis, Sr. M.M. Kotzé, Br. C.J.H. du Plessis, Sr. C.J. du Plessis, Br. J.P. Snyman, Br. C.A. Goosen, Br. D.P. Goosen, Br. J. Lewis, Sr. S. Grobler, Sr. J.H. Grobler, Sr. A.C. Burger, Br. P. Meyer en Sr. A.A.G. Gower (GZI Doop-en Lidmaatregister:1909-1973).




Oudl. T.N. Kotzé is kort na die stigting van die Gereformeerde Kerk Ghanzi oorlede. Sy graf is vandag nog tussen die doringbosse te vind.

Al die bedrywighede rondom die stigting kon Vader Theunis Kotzé beleef deur die genade van die Here, maar sy gesondheid het nie toegelaat dat hy dit kon bywoon nie. Vroeg die oggend van 26 November 1948 is Oom T.N. Kotzé op Eerste Rus oorlede. Hy is ook daar begrawe en sy gerestoureerde graf is vandag nog tussen die doringbosse te vind.

Die gemeente van Ghanzi gaan vooruit. Teen die einde van 1950 kry die gemeente 'n nuwe konsulent in die persoon van ds. Jacs van Rooy. Ghanzi begin dit oorweeg of hulle nie in volle kombinasie met Gobais moet tree nie, om bediening op 'n meer gereelde grondslag te reël (GZ1 Notule: Okt. 1950). In Augustus 1952 word nog 'n wyk gestig weens uitbreiding en Ouderling M.J. Taljaard word in die wyk verkies.

## 7. RUSPLAAS

Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Ghanzi sal nie volledig wees as daar nie ook aandag gegee word aan die Kleurlinggemeente op Rusplaas nie. Alhoewel hierdie Kleurlinggemeenskap al vroeg in hierdie geskiedenis figureer, word die kerklike posisie van die Rusplaasgemeente veral in die tyd van ds. J. van Rooy op die voorgrond gebring. Ons behandel dit gevolglik so.

Die verhouding tussen die Blankes en die Kleurlinge kan teruggevoer word na die tyd in Gordonia, toe die familie Camm op Rietfontein, in Mier se wêreld gewoon het, en saam met die Kotzés en Burgers die Kalahari ingetrek het (Kotzé, H.D.: 1985, Band).

Op Sandfontein het die Camm familie hulle gevestig. Dit is in die Kalahari, naby Olifantsfontein en Lehututu. Daar het Br. T.N. Kotzé hulle geestelik versorg, katkisasie gegee en leesdienste gehou. Hulle het vanaf die Luthers Evangeliese Kerk oorgekom na die Gereformeerde Kerk. Met die trek van die Kotzés na Ghanzi, het die Camm familie op Sandfontein gebly. Een van Oom Theunis se seuns, Jan Kotzé het periodiek by die Camm familie oornag, wanneer hy vanaf Ghanzi, oor Olifantsfontein na Gobabis transport gery het om voorrade te koop vir 'n winkeltjie wat hy op Ghanzi besit het. So is die band tussen die twee families behou.

Jan Kotzé het toe eenmaal, na 'n reis, sy pa se toestemming gevra om met een van die Camm dogters, Hedwig Dolorosa, in die huwelik te tree. Vader Theunis Kotzé was onseker oor die antwoord wat hy oor die saak moes gee, en het toe 'n brief aan Totius in Potchefstroom geskryf, waarin hy advies gevra het oor dié voorgenome huwelik. In sy antwoord het Dr. du Toit gesê dat hy geen Skriftuurlike besware teen die huwelik kan inbring nie, maar dat hy nie die gevolge van so 'n besluit kan bereken nie. Dié verantwoordelikheid lê by die paartjie wat in die huwelik wil tree. (Botha: 1985, Band).

Br. J.J. Kotzé en Sr. H.D. Camm, beide lidmate van die Gereformeerde Kerk is toe met mekaar getroud, en het op Rusplaas die eiendom van br. Jan Kotzé gaan woon. Hy was 'n vermoënde man, en spoedig het daar rondom Rusplaas 'n Kleurlinggemeente ontstaan, wat deur besoekende predikante bedien is en waar daar ook dikwels Nagmaal gevier is.

Met die stigting van die Gereformeerde gemeente Ghanzi, het die vraag ontstaan wat van die Rusplaasgroep gaan word. In die notule van 31 Desember 1949 (GZI Notule: Des. 1949) word gewag gemaak van 'n skrywe aan die Klassis in S.W.A. waarin aansoek gedoen word by die Klassis dat die Kleurling lidmate van die Ghanzi-omgewing as 'n Kleurlinggemeente moet afstig, aangesien hulle reeds so in die praktyk behandel word. Br. Jan Kotzé word as ouderling gekies en Br. Gert Kotzé as diaken.




'n Groep lidmate van die Gereformeerde gemeente Rusplaas.
Heel regs staan Oudl. Jan Kotzé.

Die Klassis S.W.A. het die Kleurlinggemeente se saak bespreek en 'n ter plaatse ondersoek van die saak gelas. Die ondersoek kommissie moes die Partikuliere Sinode van die Kaapprovinsie oor die omstandighede inlig. (KSWA: 1924-1958, 3/1).

Op die Kerkraadsvergadering van 19 Mei 1951 voel die Kerkraad dat die Partikuliere Sinode van die Kaapprovinsie nie die saak oor Rusplaas opgelos het nie. Die eerw. Partikuliere Sinode beskryf die situasie wel goed, maar antwoord nie die vraag, waar pas Rusplaas in die Kerkverband in nie. Die Kerkraad besluit dat die naam van die nuwe gemeente voorgestel moet word as Kleurling Gereformeerde Gemeente van Rusplaas, Ghanzi, B.P.

Op 21 Mei 1951 word die gemeente Rusplaas gestig, na vergadering met die deputate van Klassis S.W.A. volgens Art. 38 van die Kerkorde. Ds. Jacs van Rooy bevestig ook die brs. ouderling en diaken in hulle onderskeie ampte.



V.l.n.r. Oudl. J.J. Kotzé, Ds. Jacs van Rooy,
Diaken Gert Kotzé - Ampsdraers van die Rusplaasgemeente.

Ds. Jacs van Rooy skryf ook 'n brief aan die Klassis S.W.A. waarin hy die eerw. Klassis daarop wys dat Rusplaas en Ghanzi nie tevrede is met die antwoorde wat vanaf die Klassis en die Partikuliere Sinode ontvang is nie. Die vraag bly steeds, waar pas die nuwe gemeente in die Kerkverband in? Die deputate belas met die afstigting vra dat Klassis

S.W.A. hierdie vraag sal deurstuur na die eerw. Algemene Sinode, Januarie 1952 (KSWA: Bylaes 1946-1951, 2/1).

Op die Algemene Sinode gehou Januarie 1952 te Potchefstroom beveel die kommissie wat die Rusplaasvraag moes behandel as volg aan deur hulle rapporteur ds. G.P. Scheepers.

"Aangesien die lidmate van die gemeente Rusplaas weens 'n geringe bloedvermenging nie by die blankes gereken word nie, en hulle ook nie met Kleurlinge wil saamleef nie, beveel u kommissie aan dat die eerwaarde Sinode die Klassis S.W.A. antwoord dat genoemde gemeente 'n eie onderskeie plek sal inneem, terwyl die Klassis reëlings sal tref vir die bediening aldaar".

Die rapport van die kommissie word verwerp en die volgende amendament word aangeneem.

a. Op grond van die Sinodale besluit van 1920 insake huwelik van 'n blanke met 'n nie-blanke word die gemeente Rusplaas beskou as 'n nie-blanke gemeente.

b. Die gemeente sal in dieselfde verhouding tot dié kerkraad van die blanke gemeente Ghanzi staan as die nie-blanke gemeentes van Venterstad en Phillipstown tot die van die kerkrade van die blankes aldaar (GKSA: 1952, p. 204).

Terug in Ghanzi was daar nie tevredenheid oor die beslissing van die eerw. Algemene Sinode nie. Daar is gevoel dat die Sinode nie die omstandigheid van Rusplaas begryp het nie. Die Kerkraad besluit om appèl aan te teken oor bg. besluit. Ds. van Rooy en die Rusplaasgemeente voel dat daar nie sprake is van 'n sendinggemeente nie, en dat dié kommissie, wat die aanbeveling gedoen het dat Rusplaas 'n selfstandige gemeente moet wees, wat onder Klassis S.W.A. sorteer, reg in hulle oordeel was. Ds. van Rooy stel 'n rapport op waarin hy versoek dat die kommissie wat op die sinode 'n aanbeveling gemaak het se voorstel aanvaar word. Die gemeente van Rusplaas was baie tevrede

met hierdie rapport. In 'n brief van ouderling Jan Kotzé aan ds. J. van Rooy, gedateer 20 September 1953, skryf hy die volgende "In verband met die Rusplaasbelang deur ons konsulent ds. van Rooy gerapporteer. Rusplaas gemeente gee haar volle goedkeuring aan die rapport. Dit is baie goed en knap gedaan en ons wardeer en stel dit baie hoog op prys" (GZI korrespondensie: 2/1).

Die appèl het toe gedien op die Algemene Sinode in Januarie 1955 (GKSA: 1955, p. 137). Die appèl slaag en Rusplaas word as 'n selfstandige gemeente in die Klassis van S.W.A. opgeneem. Van toe af het die administrasie beter verloop. Ghanzi en Rusplaas het gewoonlik die besoekende predikante se reiskoste gedeel, Rusplaas het bygedra tot die predikant se traktement en daar is spesifieke Sondae afgesonder vir predikante om Rusplaas te bedien. Daar was, kerkregtelik nou 'n beter situasie ten opsigte van Rusplaas. Selfs op Klassikale vlak het Rusplaas met korrespondensie geskakel (GZI Notule: Nov. 1956, Art. 13).

Tog is die laaste woord oor die Rusplaasgemeente se posisie in die Kerkverband nog nie gespreek nie. Een van die vrae wat nog onbeantwoord bly is, hoekom het Rusplaasgemeente dan nie afgevaardigdes na die Klassisvergaderings toe gestuur nie? Lê die antwoord daarin dat hulle 'n eie onderskeie gemeente was, volgens die Algemene Sinode se uitspraak? Hoe verdiskonteer die Kerkreg die begrippe "eie onderskeie plek sal inneem"?

Die vrae is nie beantwoord nie, alhoewel Rusplaas se lidmate hulle berus het en dankbaar was oor die Woord- en Sakramentsbediening wat hulle ontvang het. Op die kerkraadsvergadering van Ghanzi, 5 Augustus 1967, kom die Rusplaaskwessie weer op die tafel. Die Kerkraad versoek die Klassis S.W.A. se advies aangaande die verhouding Ghanzi tot Rusplaas en ook advies oor die bestaan van die twee kerke (GZI Notule: Art. 7).

Die Klassis S.W.A. besluit op sy sitting van 1 September 1967 dat daar spesiale visitasie by dié twee gemeentes gedoen moet word om die hele aangeleentheid te ondersoek, nadat 'n kommissie van pre-advies die saak tydens die klassis oorweeg het (KSWA: 1967-1978, 2/11).

Die rapport van die spesiale visitatore dien op die Klassissitting van S.W.A. 30 Augustus 1968. Die advies van die spesiale visitatore word deur die klassis verwerp. Wat presies hierdie advies was, is moeilik om te sê aangesien hierdie stukke nie opgespoor kon word nie. Hoe dit ook al sy, die Klassis verwys die aangeleentheid van Rusplaas se posisie in die kerkverband na die eerwaarde Nasionale Sinode om prinsipiële riglyne neer te lê hoe sulke kerke soos Rusplaas ingeskakel kan word by die Gereformeerde Kerkverband (KSWA: 1958-1968, 3/2).

As beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Kaapland en S.W.A., verskyn hierdie vraag op die agenda van die Nasionale Sinode van 1970. Op die Sinode handel artikel 152 oor die inskakeling van Rusplaas in die Kerkverband.(GKSA: 1970, p. 378). Die beskrywingspunt lui as volg. Gesien die omstandighede dat:

1. Rusplaas gestig is deur die bemiddeling van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika;

2. Rusplaas desondanks reeds 40 jaar bestaan sonder inskakeling in die kerkverband;

3. soortgelyke gemeentes binne die grense van Suid-Afrika verwag kan word, word die Nasionale Sinode gevra om voorsiening te maak vir die inskakeling van Rusplaas en soortgelyke gemeentes in die Gereformeerde Kerkverband.

Hierdie beskrywingspunt word na 'n Kommissie op die Sinode vir pre-advies verwys, ook in verband met besluite van vorige Sinodes.

Die Kommissie se aanbeveling is as volg:

Aangesien die Gereformeerde Kerk Rusplaas 'n gemeente is wat bestaan uit blankes en kleurlinge, wat nie by die blankes gereken word nie, en hulle hul ook nie by die Kleurlinge wil voeg nie, besluit die sinode dat hierdie kerk 'n eie plek in die kerkverband sal inneem, terwyl die klassis Nossob reëlings sal tref vir die bediening van Woord en Sakramente aldaar".

## Motivering

1. Rusplaas is nie 'n gemeente wat as vrug van sendingwerk tot stand gekom het nie maar val sedert sy stigting ten dele binne die Kerkverband van die Geref. Kerk in S.A. wat o.a. daaruit blyk dat hy deur predikante van die Gereformeerde Kerk bedien word.

2. Dis nie 'n Kleurlinggemeente nie, omdat dit uit sowel blankes as kleurlinge bestaan. Ons kan hulle dus nie na die Kleurlingkerk verwys nie.

3. Omdat hulle iewers 'n kerklike tuiste moet kry en ons die pad met hulle nie duidelik vorentoe kan sien nie, moet die status quo gehandhaaf word (GKSA: 1970, AS K77).

Die aanbeveling van die Kommissie word nie aanvaar nie, maar die aangeleentheid word verwys na die sendingdeputate om die volgende Sinode te adviseer.

Die Sendingdeputate adviseer die Nasionale Sinode 1973 as volg:

1. Ten einde hulle self op hoogte te stel met die huidige ligging tussen die kerkrade en lidmate van Ghanzi en Rusplaas, is per korrespondensie besonderhede oor die situasie aangevra van ds. Welding, die konsulent. Die antwoord meld dat Rusplaasgemeente opgehou het om te bestaan en die paar lidmate wat nog daar is (2 gesinne, te wete 2 mans en 3 vroue) is deur Ghanzi-gemeente opgeneem en word deur hulle as afsonderlike wyk bedien.

2. U deputate is van oordeel dat die volgende prinsipiële, veral Skriftuurlike gronde, na vore gebring moet word in 'n pre-advies oor hierdie soort situasie:

   2.1 In die lig van verskeie sinodebesluite (vgl. Acta 1967, art. 70, p. 188, en art. 92, veral punt 2. (c), sowel as art. 208 h. p. 64 en art. 238 (i), p. 61.2 geld dit dat ras sonder inagneming

van taal, beskawing en verwantskap nie 'n deurslaggewende faktor in die bepaling van 'n gelowige se lidmaatskap of 'n gemeente se kerkverband mag wees nie.

2.2 Elke kerk wat tot stand kom, hetsy as vrug van die sending of andersins, is 'n komplete kerk en is verskuldig om in 'n kerkverband te tree.

2.3 Probleme wat in verband met bogenoemde ontstaan en hulle oplossings behoort kerkregtelik ter plaatse onder leiding van 'n kerkraad en klassis ondersoek te word in broederlike bewoënheid van al die betrokkenes (GKSA: 1973, p. 425).

Hierdie aanbeveling van die Sendingdeputate is op die Sinode na die Sendingkommissie verwys. Die Sendingkommissie het egter om een of ander rede nooit weer oor hierdie saak gerapporteer nie. Die Sinode het derhalwe ook nie 'n besluit oor hierdie saak geneem nie.

Volgens die doopregister van die Gereformeerde gemeente Ghanzi, het die volgende lidmate by Ghanzi aangesluit toe Rusplaasgemeente weens 'n te klein lidmatetal ontbind het. Die name word onder Wyk Rusplaas gegee en die datum van opname is 19 Maart 1972.

Kotzé Johannes Jacobus
Kotzé Hedwig Dolorosa, gebore Camm
Burger, Willem Johannes
Burger Jessy Katy, gebore Brendell
Burger, Sofie Jeanetta (GZI Lidmaatregister: 1948-1973, 3 en 4).


Hierdie vyf name, teken die laaste hoofstuk in die geskiedenis van die Gereformeerde Gemeente Rusplaas.

Die prinsipiële riglyne wat vir Rusplaas gemeente se inskakeling in die Kerkverband gegee moet word, sal dalk nog eendag as 'n addendum by hierdie geskiedenis gevoeg word.

## 8. DIE EERSTE JARE AS GEMEENTE.

As gemeente het Ghanzi nou ingeskakel by meerdere vergaderings. In 1952 vaardig die kerkraad vir ouderling T.G.N Kotzé af na Klassis S.W.A. Met sy terugkeer raak hy ernstig siek aan longontsteking, maar herstel weer onder die liefdevolle sorg van vriende en familie. (Anon (1) 1952, p. 15).

KLASSIS S.W.A., OUTJO, 9 AUGUSTUS 1952



Voor : Di. J.W.J. van Ryssen (vise-voors.), D.C.S. van der Merwe (voors.), Oudll. H.J.R. du Plessis (Skriba), J. Burger (Adj.-Skriba).

Agter : Oudll. M.W. Prinsloo, H.D. de Waal, Ds. Jacs van Rooy,
: Oudl. H.J. van Wyk, Diaken P.I. du Plessis,
Oudll. J.C. Kruger, S. van Vuuren, T.G.N. Kotzé.

Die wêreld was baie droog en skerpioene, slange en leeus het 'n groot gevaar ingehou vir die Ghanzi inwoners. Die boere kry swaar en die kerkraad besluit dat boere een twintigste van hulle roomtjeks wat in Gobabis gelewer word, in die kerk se rekening moet inbetaal. Die geld sal sommer by die romery afgetrek word en dan sal die romery 'n gesamentlik tjek aan die kassier stuur. (GZI Notule : Aug. 1952, Art. 2). Daar word ook 'n reëling gemaak ten ospgite van die plek waar eredienste gehou sal word. Om die beurt sal daar op Ghanzi en Eerste Rus dienste wees, om die wydverspreide lidmate tegemoet te kom. Ds. van Rooy moet selfs al sover as Pandamatenga, huisbesoek doen en dit is meer as agthonderd km. van Ghanzi af. Ook op Maun is daar verspreidwonende lidmate. (Anon (2): 1953, p. 11).

Wat die roeping tot Verbondsonderrig betref, het die Ghanzi lidmate ook nie stilgesit nie. Die gemeente woel en ywer vir die onderwys van die jeug. Op Ghanzi was daar al vir ses jaar 'n seun wat by 'n privaatskool vir sowat tien kinders onderrig het. In 1953 is daar al 'n groot skool en die lidmate is dankbaar vir die feit dat die onderwyser 'n gereformeerde is. Driekwart van die kinders is ook gereformeerd. Selfs die susters dra by tot die onderwys om die kinders reg te kan opvoed. (Van der Merwe, A.A.E.: 1953, p. 17). Tog is die ouers later aan bekommerd dat die C.N.O. beginsel nie in die onderwys gehandhaaf word nie. Mnr. Weyhe is wel 'n gereformeerde onderwyser, maar die skool bied nie altyd soveel as wat deur die ouers daarin gesteek word nie (GZI Notule: Mei 1955, Art. 24).

## 9. 'N NUWE KOMBINASIE

Op 21 Mei 1955 ontvang die Kerkraad besoek van Ds. P.J.W. Louw. Daar is gedagtes dat die hele Botswana as verspreidwonende lidmate vanuit Suid-Afrika bedien moet word. Die kerkraad ondersteun dié gedagtes in beginsel, maar versoek tog dat Gobabis se predikant die konsulent van Ghanzi sal bly.

Ghanzi sal dan in kombinasie met Mafeking tree en ook geleentheid kry om 'n predikant te beroep. Die kombinasie word eers uitgestel tot Julie 1956. Dit blyk of Ghanzi nou meer bediening sal ontvang. Daar word besluit dat die dienste in Ghanzi gehou sal word.

Op 28 April 1956 neem ds. H.A. Louw die eerste Kerkraadsvergadering as nuwe voorsitter van die vergadering waar. Daar word op die kerkplein 'n groot tent opgeslaan en lekker saam gekuier en geëet om die nuwe dominee te verwelkom.

Ds. Louw het van Mafeking af met die trein tot op Francistown gery en van daar af met 'n vragmotor tot op Maun. Daar het hy die groepie gereformeerdes besoek, onder wie die Van Heerdens en Troskies. Daar het hy sommer op 'n weeksdag vir hulle Nagmaal bedien. Die Ghanzi-mense het dan die predikant op Maun met 'n vragmotor kom haal (Louw, H.A.: 1985, Band).

Aangesien die dienste nou op Ghanzi gehou is, het die Kerkraad besluit om saam met die N.G.-kerk 'n kerkgebou op te rig. Hulle maak 'n rentevrye lening van vyfhonderd pond aan die N.G.-Kerk. Ouderling T.G.N. Kotzé word versoek om die huidige kerkgebou te probeer verkoop. Sy seun, br. T.N. Kotzé het dié gebou toe gekoop en daarby aangebou om 'n huis van te maak.



Ds. H.A. Louw, afgeneem saam met 'n groep katkisante wat belydenis afgelê het. Links sit oudl. T.G.N. Kotzé en langs hom sy vrou, tant San Kotzé.

Die vraag was nou waar die Ghanzi gemeente in Klassikale verband moes inskakel. Aangesien die gemeente met Mafeking in kombinasie was, moes Klassis Rustenburg oorweeg word. Ghanzi voel hulleself egter by Klassis S.W.A. tuis en rig so 'n versoek aan die Klassis. Die Klassis laat die saak aan die plaaslike kerk oor (KSWA: 1924-1958, 3/1), waarop die kerkraad van Ghanzi besluit om wel by Klassis S.W.A. in te skakel. Die redes hiervoor was:

1. Die kombinasie met Mafeking is net 'n proefneming.

2. Daar word jaarliks sustentasie van 200 pond vanaf Partikuliere Sinode Kaapprovinsie en S.W.A. ontvang (GZI Notule: April 1956, Art. 8).

Daar is egter in 1956 geen afgevaardigdes na Klassisvergaderings gestuur nie, vanweë die ernstige droogte wat veroorsaak het dat geen broeder sy plaas vir twee weke alleen kon laat nie.

Die kerkgebou word in 1957 voltooi, en in Maart van daardie jaar, verteenwoordig oudl. Kotzé die Gereformeerde Kerk Ghanzi by die N.G.-Kerk se inwyding van die gebou. Die kerklike lewe begin ook nou al hoe meer om Ghanzi te draai en ouderling Thys Taljaard hou vir die koshuiskinders op Ghanzi katkisasie. Die ouderdom vir belydenisaflegging word vir meisies vasgestel op sewentien jaar en vir seuns op agtien jaar op die jongste.

Oor die algemeen het die kombinasie met Mafeking nie baie goed gewerk nie, omdat afstande baie groot en kostes baie hoog was. Ghanzi se aansluiting met Suidwes was ook beter aangesien deur aankope en die algemene lewe daar meer met Gobabis in aanraking gekom is (Louw: 1985, Band).

Die Partikuliere Sinode Kaap en S.W.A. beveel dan ook aan die einde van 1957 aan dat die kombinasie verbreek moet word. Op 26 April 1958 vergader ds. H.A. Louw dan vir die laaste keer as predikant van Ghanzi. Die kombinaise word opgesê en Ghanzi gaan weer met Gobabis in ooreenkoms met betrekking tot bediening.

Die 26ste April was ook vir 'n ander rede 'n dag van afskeid. Na 28 jaar ononderbroke diens, vra ouderling T.G.N. Kotzé ontslag uit die amp van ouderling weens swak gesondheid. Die Kerkraad staan die mees eervolle ontslag aan hom toe.

## 10. TERUG SUIDWES TOE

Gobabis en Ghanzi was nou weer saam in bediening. Daar sou drie maal per jaar voorsiening gemaak word vir bediening van die Woord en Sakramente deur 'n predikant. Verder sal die ouderlinge in hulle onderskeie wyke leesdienste hou. In Mei 1959, besoek ds. F.J. Labuschagne van Gobabis weer die eerte maal vir Ghanzi vanuit Suidwes, en die Woord en Sakramente word bedien. Twee jongmense lê ook by die geleentheid belydenis van geloof af. (Du Plessis: 1959, p. 31). Br. T.G.N. Kotzé word ook weer, na herstel, as ouderling bevestig.

In 1960 word weer'n besoek gebring aan Ghanzi deur Prof. W.J. Snyman. Hy het laas in 1928 as jong predikant hier kom kuier. Prof. Snyman is in die kontrei omrede hy die Geloftedag dienste op Rietfontein kom waarneem. Tydens hierdie besoek het hy en ouderlinge Kotzé en Burger baie gesels oor die ou dae in Ghanzi (Anon. (3): 1961, p. 8).

### Afrikaners verlaat Betsjoenaland Protektoraat

'n Saak wat die kerkraad bekommer het, en die gemeente baie seer gemaak het was die feit dat die lidmate in al hoe groter getalle na Suidwes en die Republiek toe verhuis het. Daar word twee redes voor gegee. Eerstens word die regering van die protektoraat al hoe meer onsimpaitek teenoor die Afrikaners en tweedens is die Protektoraat op die punt van onafhanklikheid. Daar is 'n doelbewuste poging tot verengelsing, selfs met godsdiensonderrig op skool, waar 95% van die leerlinge Afrikaans is. Verder dreig die regering om plase waarop nog geld geskuld word, terug te vat. Dit kom te midde van die kwaai droogte en die bek-en-klouseer probleme. Daar is 'n moedeloosheid wat oor baie lidmate hang, en vele attestate word afgegee (Anon. (4): 1962, p. 2).

## 11. KOMBINASIE MET ARANOS

Die jaar 1961 was 'n moeilike jaar vir die lidmate van Ghanzi. Finansieel was baie boere feitlik op hul knieë want die droogte en die bek-en-klouseer het hard geslaan onder die mensese vee. Omdat geld so skaars is, besluit die gemeente dat voortaan gedink moet word aan 'n ander vorm van kerklike bydrae. Miskien kon die lidmate beeste aan die kerk gee. In Augustus 1962 word hierdie sisteem mooi uitgewerk. Lidmate sou verse afstaan aan die kerk. Dit word by diaken Tickles Kotzé gelaat. As vergoeding kry diaken Kotzé die room, en hy hou ook die koeie self as sy eie besit. Die aanteel word dan die kerk se eiendom. So word die geldvloei probleem opgelos. Die kerkraad sal dan die bees bemark om kontant vir die gemeentelike behoeftes te verkry.

Een van die redes hoekom geld benodig was, was die toestand van die kerkgebou, wat saam met die N.G.-Kerk gebruik is. Die kerkgebou het reparasies nodig gehad, en Ghanzi gemeente staan R1600 af om by te dra tot opknapping van die gebou. Die akoestiek het ook probleme gegee. Met hierdie bydrae het die Gereformeerdes die reg verkry om elke vierde Sondag die kerkgebou te gebruik.

Teen die einde van 1961 ontvang dié Kerkraad 'n brief van die Gereformeerde gemeente Aranos, waarin die moontlikheid genoem word vir Ghanzi om saam met Aranos in kombinasie te tree. Op 'n gemeente vergadering besluit die lidmate egter om nie aan hierdie voorstel gevolg te gee nie as gevolg van die droogte en swak finansiële posisie van die gemeente. Aranos word gevra om hierdie saak tot later te laat wag, aangesien Ghanzi dit weer sal oorweeg as tye gunstiger lyk (GZI Notule; Aug. 1961, Art. 22).

Op die 4de Augustus 1962 besluit die kerkraad om wel met die gemeente Aranos in kombinasie te tree. Ds. M.A. Kruger word as predikant beroep vir die kombinasie met die opdrag dat hy 'n derde van sy tyd aan sending onder die Boesmans in Gobabis sou bestee (Kruger, M.A. :

s.j., p. 9). Op 9 Februarie 1962 vergader die kerkraad van Ghanzi vir die eerste maal saam met die nuwe voorsitter, ds. M.A. Kruger.



Ds. M.A. Kruger en gesin

Aangesien die gemeente nou heelwat meer bediening ontvang het, is besluit om die predikant twee Sondae per jaar die lidmate op Maun, sowat 320 km. noord van Ghanzi te laat besoek. Weens die onbegaanbare paaie sal ouderling Taljaard die predikant met sy vragmotor na Maun toe vervoer.

Oor die algemeen het dit maar swaar gegaan met die gemeente. Die droogte en siektes het sy tol geëis en die politieke toestand het al hoe meer kommer begin wek. Daar word 'n dag van verootmoediging gehou weens hierdie neerdrukkende toestand, waar ook die N.G.-Kerk verteenwoordig is.

Al hoe meer lidmate verlaat die gemeente. Ook die skool op Ghanzi word gesluit, en die onderwyser, ouderling Karl Weyhe en sy vrou Elize vertrek na S.W.A. Die wyk wat al langs die pad na Ghanzi lê het al byna leeggeloop. Die ouer mense, wat met baie trane aan Ghanziland verbind is, skeur baie moeilik los van hulle tuiste (Anon. (5): 1964, p. 14).

Die kerkraad word weens die feit dat baie lidmate weggetrek het, verklein tot 2 wyke en die eredienste, wat vir soveel jare op Ghanzi gehou is, word na D'Kar verskuif, omdat dit nou meer sentraal is en beter huisvesting vir die lidmate bied (Anon. (6) 1965, p. 15).

## OUDERLING T.G.N. KOTZé.

In hierdie tydperk kry ouderling T.G.N. Kotzé eervol ontslag uit die amp van ouderling. Dit is gepas om 'n gedeelte af te staan aan hierdie begaafde broeder, wat sinoniem geword het met die wel en weë van die Gereformeerde Kerk Ghanzi.

Hy is op 14 Oktober 1887 gebore en was ook later een van die "Kruisdoppers". Op 17 September 1935, is sy eerste vrou, Petronella Elizabeth, gebore Taljaard, oorlede. Dit is 'n gebeurtenis wat hom baie diep getref het en baie smart meegebring het. Sy het 'n blik met grond opgetel en blykbaar so inwendige beserings opgedoen. Daar was natuurlik geen dokter naby nie, en die kruie medisyne van haar skoonsuster Hedwig het ook nie gehelp nie. Na 'n siekbed van drie dae is sy oorlede op 19 September 1935. Op daardie stadium was haar man nie tuis nie omdat hy op 'n ekspedisie in die Kalahari was (Du Plessis, M.M.: 1985, Brief). Toe Oom Theuns weer op die 12de Oktober by die huis aankom, was sy oorlede vrou alreeds begrawe.

Wat die Kerk betref het Oom Theuns diep spore getrap. Hy het op hoogte gebly, veral met Skrif en Kerksake. Hy was geliefd onder die mense, kon gesond dink en 'n saak helder stel. Mens het hom vertrou (Van Rooy : 1975, p. 11). Afrikaans en Engelssprekende mense het hom gerespekteer. Tydens die Engelse Koning se besoek aan Betsjoeanaland is Oom Theuns ook na die onthaal uitgenooi om sy distrik te verteenwoordig (Anon. (7): 1964, p. 7).

Oom Theuns het baie Kerkraadsvergaderings bygewoon, heelwat Klassisse en ook eenmaal die Algemene Sinode. Volgens ds. Jacs van Rooy was dit moeilik om hom by die Sinode te kry. Hy het gevoel dat so 'n

vergadering te belangrik en gewigtig was. En sê nou hulle vra hom om 'n sitting af te sluit? Tog was almal bewus van sy welsprekendheid en bekwaamheid (1975, p. 12).



Oudl. T.G.N. Kotzé, saam met vier van sy kinders, en sy vrou, S.P.C.E. Kotzé (geb. Labuschagné).

Ook tydens sy tweede huwelik, met Susanna Catharina Petronella Engela, gebore Labuschagne het Oom Theuns en Tant San met baie liefde soveel predikante gehuisves en versorg. Dit was Tant San, wat gevra het dat haar eggenoot ontslag uit die amp van ouderling moes kry, omdat sy kragte baie afneem en hy aanhou werk (GZI Notule: Junie 1963, Art. 10). Oom Theuns kan in 'n sekere sin die geestelike vader van die gemeente in Ghanzi genoem word. Vir byna 33 jaar het hy in die Kerkraad van die gemeente van Ghanzi gedien, eers as diaken en later as ouderling. Gedurende die tyd het hy met groot ywer die geestelike belange van die lidmate gedien.

Op 23 November 1963, het br. T.G.N. Kotzé eervolle ontslag gekry uit sy amp as ouderling. Op 26 September 1964 word sy attestaat afgegee as hy verhuis na Biermansdrif, naby Mafeking. Daar is hy oorlede op 23 September 1974.

## 'n Kleiner gemeente

Die getalle van Ghanzi se gemeente het al minder geword. Tog bloei die gemeente se geestelike lewe te midde van die feit dat daar minder as veertig belydende lidmate oor is.

Die gemeente tree in 'n nuwe kombinasie met Aranos, sonder Gereformeerde Kerk Gobabis. Gobabis sal van nou af 'n sendingaksie op eie houtjie aanpak.

Ook op onderwysgebied lê die lidmate baie inisiatief aan die dag. Met die besoek van Ds. Kruger in Oktober 1965 word daar hard beplan aan die stiging van 'n Gereformeerde privaatskool te Ghanzi. Die skool sal gebou wees op die belydenis grondslag van die drie Afrikaanse Kerke. Daar word beplan om die onderrig met die oog op die landstoestande en tale van Betsjoeanaland te gee (Anon. (8): 1965, p. 12). Die besluit tot die stigting van die ouerskool word op 23 Oktober 1965 geneem. Daar moet gesoek word na 'n geskikte onderwyser aangesien die kinders tot 450 myl ver van hulle ouerhuise af moet skoolgaan (Anon. (9): 1965, p. 11). Vroeg in 1966 sien die lidmate van die Gereformeerde en N.G.-Kerk egter af van hierdie ideaal, aangesien daar met baie moeite nie 'n onderwyser gekry kon word om die skool te beman nie (Anon. (10): 1966, p. 16).

Op 31 Januarie 1966 ontbind die kombinasie tussen Aranos, Ghanzi en Gobabis, en ds. M.A. Kruger word predikant van Aranos en Ghanzi gemeentes, aangesien die twee weer in kombinasie tree.

Ghanzi besluit om weer vir ds. Jacs van Rooy 'n ou bekende, oor te nooi. Hierdie keer om die werk van die Bybelgenootskap aan die lidmate te kom verhelder. Die besoek geskied op 15 Junie 1967. Dit was in meer as

een opsig 'n gemeentefees. Ds. van Rooy is gasvry ontvang en getrakteer en op sy beurt het hy weer 'n interessante skyfievertoning aangebied. Sy besoek is iets geskiedkundig, want nooit tevore het iemand dié geweste namens die Bybelgenootskap besoek nie. (Anon. (11): 1967, p. 14).

Teen die begin van 1968 neem ds. M.A. Kruger 'n beroep aan na Swartruggens. Een van die ritte vanaf Aranos na Ghanzi het sy rug verkeerdom laat buig toe hy bo-op 'n vragmotor gesit het en deur 'n diep knik gery het (Kruger, M.A.: s.j., p. 10).

Teen die einde van Januarie 1968 neem Ghanzi na vyf jaar afskeid van ds. en mev. M.A. Kruger.

## 12. SENDINGWERK OP D'KAR.

Op 18 Januarie 1964 besluit die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Aranos in beginsel om sendingwerk in Botswana te doen. Die nood van die heidendom, veral onder die Boesmans het onder hulle aandag gekom deur die gereelde besoeke van ds. M.A. Kruger aan Ghanzi vir kerklike werk. Slegs die Londense Sendinggenootskap het in die deel van Botswana gewerk, en glad nie onder die Boesmans nie. Die werk van die Londense Sendinggenootskap is ook afgebreek deur verskeie sogenaamde profete wat Christendom en heidendom vermeng het.

Op versoek van die owerheid is die werk onder die Boesmans op die plase begin. Om 'n sentrale punt te kry vanwaar gewerk kon word, is 'n morg grond van die Ngami Trading Store aangekoop vir R500. Op die grond was 'n huis en 'n boorgat.

Mnr. A.J. Rampa van Potchefstroom is gekry om as helper te werk. Hy begin einde 1964 met die werk in Botswana. Gou besef hy die nood van die ongeletterdheid onder die Boesmans en begin om aan hulle skoolonderrig te gee. Dit was aanvanklik onder 'n boom en daar is gebruik gemaak van stukke karton en blik om op te skryf.

Die plaas wat die morg grond omring, het in die mark gekom en is deur br. en sr. H.W. Lück van Aranos aan die Gereformeerde Kerk Aranos geskenk met die bepaling dat dit slegs vir sendingdoeleindes gebruik kan word.

Omdat die plaas nou deur die Kerkraad besit is, is 'n plaasbestuurder aangestel in die persoon van br. D.J. Jerling. Hy het as opdrag gehad om toesig te hou oor die werk en as vergoeding kon hy op die plaas boer vir sy eie inkomste en die kafee aanhou en bedryf vir eie wins. Daar was ook 'n aantal diere van die kerk op die plaas.

In 1968 is die skool deur die Botswana-regering oorgeneem met die bepaling dat Aranos verantwoordelik is vir die geboue, terwyl die owerheid die onderwysers en skoolmateriaal voorsien.

Die sendingwerk het gegroei en in Julie 1967 het die eerste bekeerlinge Belydenis van Geloof afgelê. Die dertiental is gedoop en terselfdertyd is twaalf van hulle kinders gedoop. Die sendingwerk het sy terugslae en teëspoede gehad, maar het tog voortgegaan.

In 1971 vertrek br. Jerling en mnr. Rampa in 1972. Daarna het br. T. Burger oorgeneem en na hom Br. J. van der Merwe.

In 1974 is br. Jerling weer aangestel as voltydse sendinghelper. Hy het as opdrag gehad om die sendingwerk voort te sit en toesig oor die boerdery te hou. Die boerdery is nou bedryf vir voordeel van die sending self en om die Boesmans te lei tot ekonomiese selfstandigheid (Anon. (12): 1978, p. 13).

Br. Jerling het tot 1980 voltyds en later deeltyds met die sendingwerk voortgegaan. Twee keer per Sondag het hy 'n diens gehou op D'Kar. Verder is daar ook op drie buiteposte dienste gehou. 'n Swart helper is opgelei wat gedurende die week gehelp het met katkisasie op die buiteposte.

Die skoolkinders het twee keer per week onderrig ontvang oor die Bybel. Diegene wat in die belydenisklas was, is ook nog een ekstra keer per week onderrig in die Bybel en belydenisskrifte. In 1978 was daar reeds 66 belydende lidmate waarvan die helfte gereeld bedien is. Die ander het te verspreid gewoon of was te moeilik om te bereik. Die skool het in hierdie tyd uit ongeveer 200 leerlinge bestaan waarvan 65 Boesmans was.

Gedurende die naweek van 13-15 Maart 1980 is die hoeksteen van die reeds voltooide kerkgebou op D'Kar deur die eerste predikant wat die sending hier begin het, ds. M.A Kruger, onthul. 'n Nuwe gemeente is gestig en vier ouderlinge en twee diakens is bevestig. Die gemeente


het nou uit 91 belydende lidmate en 131 dooplidmate bestaan (Van der Walt: 1983, p. 9).

In hierdie tyd is besluit om 'n voltydse sendeling te beroep. Byna twee jaar lank was dit vrugteloos. Die kerkraad van Aranos het toe besluit om Prof. D.C.S. van der Merwe te vra om vir drie maande met die sending te help, wat hy toe met groot vrug gedoen het.

In Junie 1982 het ds. Braam le Roux die beroep na die Gereformeerde gemeente D'Kar aanvaar. Konstruktiewe gemeentewerk kon nou met oorgawe begin. Rondom die sendingwerk is daar ook ander aktiwiteite soos leerlooiery, naaldwerkklasse en 'n kleuterskool wat funksioneer. Die finansiële posisie van die sendingwerk op D'Kar belemmer egter vooruitgang. In Suid-Afrika is die D'Kar Stigting byeengeroep, om die bedrywighede rondom die sending te finansier en te beplan. So word ds. le Roux geleentheid gebied om hom met die sendingwerk alleen besig te hou.

## 13. DIE EINDE VAN 'N ERA

Met die vertrek van ds. M.A. Kruger as predikant van Ghanzi aan die begin van 1968, moes die kombinasie weer beroep. Aranos het eerste beroep, en prop. C.J.J. Putter beroep, wat nie die roeping opvolg nie. Daarna beroep Ghanzi weer vir ds. C.J. van Vuuren, maar ook hy bedank die beroep. Gedurende hierdie tyd neem ds. P.J.W.S. van der Westhuizen van Gobabis die Nagmaaldienste waar, terwyl die ouderlinge gereeld leesdienste op D'Kar in die huis van Br. Taljaard hou.



'n Sy-aansig van die plaashuis op D'Kar, wat vir jare as samekomsplek van die Gereformeerde Kerk Ghanzi gebruik is.

Op die Kerkraadsvergadering van 17 Mei 1969 bespreek die broeders die moontlikheid om selfstandig oor te gaan tot die beroeping van 'n predikant, in 'n poging om meer male bediening van die Woord te kry.

Die moontlikheid word oorweeg om uit die kombinasie met Aranos te tree, en in kombinasie met Gobabis te gaan. So kan 'n predikant beroep word om ook om te sien na die sending op Ghanzi. Die kerkraad kan dan sustentasie vra vir die verpligtinge wat die gemeente nie kan nakom nie (GZI Notule: 1969, Art. 8). Die Klassis Nossob adviseer vir Ghanzi dat hulle met so 'n sustentasie-aansoek moet kom, aangesien hierdie gedagte van 'n eie leraar vir Ghanzi sterk oorgweeg moet word (Anon. (13): 1969, p. 11).

Op die 9de Augustus 1969 word ds. J.F. Welding van Koedoesrand na die kombinasie Aranos-Ghanzi beroep. Hy volg die roeping op en word nog in dieselfde jaar bevestig in die amp.



Ds. J.F. Welding en gesin

Op 27 November 1969 vergader die kerkraad van Ghanzi vir die eerste maal met ds. Welding as voorsitter. Alhoewel die Klassis Nossob toestemming gegee het vir Ghanzi om selfstandig te beroep, besluit die kerkraad dat hulle tevrede is met die bevestiging van ds. Welding en dat hulle eerder hierdie saak tot 'n later geleentheid uitstel (GZI Notule: 1967, Art. 7). Daar word ook ooreengekom dat Ds. Welding nou agt Sondae in 'n jaar Ghanzi sal besoek.

Op 26 September 1970, ontvang die kerkraad 'n skrywe van Parlementslid H. Jenke, in verband met diskriminasie in die kerk. Die kerkraad antwoord die skrywe as volg:

1. Dit is nie die beleid van ons kerk om te diskrimineer op grond van ras of velkleur nie.


2. Daar is 2 aparte dienste op D'Kar as gevolg van taal- en kultuurverskille. Die kerk dra nie kennis dat daar al ooit teen iemand gediskrimineer is nie.

Die parlementslid was volgens gerugte nie baie tevrede met hierdie antwoord nie. Hy was nou gemoeid met sy wyk en het alles geweet wat daar aangaan. Die sendinghelper Andries Rampa, het hom ook so 'n bietjie aangehelp. Dit het hom gegrief dat daar so 'n apartheidsvoortsetting in Botswana sou kom (Jerling: 1985, Band). Vir 'n rukkie was die bedreiging egter oor. Die kerklike lewe het voortgegaan.

Op 13 Februarie 1971 hou Klassis Nossob sy sitting te D'Kar. Dit is 'n geskiedkundige geleentheid, aangesien dit die eerste maal is dat 'n Klassis buite die Republiek of S.W.A in die buiteland vergader. Daar het dié klassisgangers ook geleentheid gekry om kennis te maak met die sendingwerk wat in die gebied gedoen word deur die kerkrade van Aranos en Ghanzi. Verder is ook die kerkgebou besigtig wat deur die studente van Korps Veritas Vincet uit Potchefstroom daar opgerig is (Anon. (14): 1971, p. 8). Op Kerkraadsvlak bespreek die lede dié kwessie rondom die eiendom van die Ghanzigemeente op Eerste Rus.

Hierdie twee morg is nog aan die kerk geskenk, deur ou Vader Kotzé met die doel om daarop 'n kerkgebou op te rig. Die gebou is opgerig en vir jare daarna deur die Gereformeerdes as kerkplek gebruik. Alhoewel die plek nie meer as gemeente saamkomplek gebruik word nie, behoort die grond nog steeds aan die kerk. Br. T.N. Kotzé (Jnr.) het intussen hierdie eiendom, wat hy saam met sy oom, br. J.J. Kotzé

geërf het, verkoop. Dit wil nou lyk asof br. Kotzé hierdie eiendom van die kerk ook saam met die ander grond verkoop het.



Die bouvalle van die Kerk op Eerste Rus

Na ondersoek vind die kerkraad dat dié grond, waaraan soveel waarde geheg word, wel in die hande van 'n Herero beesboer geval het (Russel: 1979, p. 105). Die plek waar daar vir meer as dertig jaar lank tot eer van die Here vergader is, is verlate. Honderd meter van hierdie plek, staan slegs die hutte van modder en gras wat aan die nuwe eienaar behoort.

Die brief wat die kerkraad van die Botswana-regering af ontvang het, het nog nie sy laaste draai gemaak nie. Ds. J.F. Welding onthou die gebeure as volg: "Ons is ontbied om 'n vergadering op Ghanzi, waar die Minister van Onderwys, sowel as die Minister van Beplanning en

Ontwikkeling sou optree, by te woon. Die Minister van Onderwys het ons vriendelik te woord gestaan en was in sy skik met die skool op D'Kar. Die onderhoud met die Minister van Beplanning en Ontwikkeling het egter anders verloop. Hy het ons beveel om hom die volgende week in sy kantoor te Gabarones te spreek.

By ons aankoms aldaar is kortliks gestel dat ons die apartheid van S.W.A. en die R.S.A. propageer en toepas deurdat daar afsonderlike dienste gehou word vir blankes, kleurlinge en swartes. Van sosiale en kulturele verskille wou hulle niks weet nie. Hulle was op hoogte van toestande, want op 'n bewering dat die swartes tog nie Afrikaans verstaan nie, het die antwoord dadelik gekom dat die blankes die dienste in die sendingkerk moet bywoon en nie sodanige verskoning kan aanvaar nie, omdat die preek in Afrikaans gelewer word en dan oorgetolk word in Tswana en Boesman" (Welding: s.j., p. 12).

Ds. Welding is beveel om dadelik die dienste te staak en as hy sou weier, moes hy Botswana verlaat en nie weer kom nie. Die blanke gemeente moes die saak daardie eerste naweek afhandel. Op daardie kerkraadsvergadering van 26 Mei 1973 het die broeders baie oplossings oorweeg. Ds. Welding het voorgestel dat die tyd ryp geword het vir die stigting van 'n Gereformeerde Kerk Botswana. Die besluit van die kerkraad was egter na 'n lang bespreking, dat Ghanzi as gemeente moet ontbind en as 'n wyk sal inskakel by die Gereformeerde Kerk Gobabis, nadat br. C.J. van Heerden die voorstel ingedien het (GZI Notule: 1973, Art. 3). Die laaste kerkraadsvergadering word gehou op 1 Desember 1973.

Die volgende lidmate se attestate word oorgeplaas na die Gereformeerde Kerk Gobabis.

Anna Christiena Boucher geb. Drotsky
Jan Harm Burger
Theunis Nicolaas Burger en eggenote Margaretha
Maria Burger gebore Engelbrecht
Anna Christiena Drotsky geb. Burger
Martha Magdalena Gower geb. Goosen
Booysen Johannes Petrus Kotzé en eggenote
Judith Magrietha geb. Swart
Br. Izak Kotzé.
Maria Catharina Kotzé geb. Taljaard
Stephanus Hendrik Lewis en eggenote Maria Magrietha geb. Burger
Br. Stephanus Hendrik Lewis en eggenote Johanna Sophia geb. Booysen
Cecil Edward Peacock en eggenote Martha Hendrika geb. du Plessis
Jan Harm Taljaard
Magrietha Maria Taljaard geb. Burger
Casper Jan Harm van Heerden en eggenote
Anna Aletta Glodina geb. Burger
Dawid Petrus van Heerden en eggenote Martha Magdalena geb. Swart
Anna Christina Vorster geb. Lewis
Carel Herklaas Jacobus Kotzé (Anon. (15): 1974, p. 14).

Dienste en Nagmaal is van nou af op Gobabis bygewoon. Verder word huisdienste op Sondae op verskillende plase gehou. Van 1985 af, word periodiek weer eredienste in die N.G.-Kerkgebou op Ghanzi gehou waar die wyk dan weer almal saamkom. 'n Handjie vol blankes verkies om die eredienste in die Gereformeerde Kerk op D'Kar by te woon, waar die verrigtinge in Tswana en Boesman oorgetolk word.

## 14. SLOT

*Dit is dan die geskiedenis van die*

*Gereformeerde Kerk Ghanzi,*

*wat vir 'n kwarteeu as selfstandige gemeente bestaan het.*

*'n Geskiedenis van stryd,*

*trane, swaarkry en opofferings,*

*wat sy hoogtepunte in die kerklike lewe gehad het,*

*maar wat ook sy laagtepunte in die wêreld*

*van die Kalahari geken het.*

*'n Wêreld wat geen genade vra nie, en*

*ook geen genade gee nie.*

*Mag die klank van die heerlike*

*Evangelie van onse Here Jesus Christus,*

*en die vastigheid van die Gereformeerde belydenis*

*deur die land van Botswana weerklink,*

*totdat die Koning van die Kerk*

*weer kom met die wolke van die hemel.*

## LITERATUURLYS


1. Anon. (1). 1952. Ghanzi: Die Brandende Doringbos, I (4) p. 15.
2. Anon. (2). 1953. Ghanzi: Die Brandende Doringbos, II (74) p. 11.
3. Anon. (3). 1961. 7. Ghanzi: Die Brandende Doringbos, VIII (33). p. 33.
4. Anon. (4). 1962. Ons mense in Ghanzi. Die Brandende Doringbos, X (38). p. 2.
5. Anon. (5). 1954. Ghanzi:.Die Brandende Doringbos, XII (46). p. 14.
6. Anon. (6). 1965. Ghanzi:.Die Brandende Doringbos, XII (50). p. 15.
7. Anon. (7). 1964. Br. T.G.N. Kotze. Die Brandende Doringbos, XII (45). p. 7.
8. Anon. (8). 1965. Gemeentenuus Gereformeerde Kerk Ghanzi: Die Brandende Doringbos, XIII (51). p. 12.
9. Anon. (9). 1965. Ouerskool by Ghanzi: Die Kerkblad, 68 (1825). p. 11.
10. Anon. (10). 1966. Ouerskool te Ghanzi: Die Brandende Doringbos, XIV (53). p. 16.
11. Anon. (11). 1967. Ghanzi: Die Brandende Doringbos, XV (58). p. 14.
12. Anon. (12). 1978. Sendingwerk te D'Kar. Die Brandende Doringbos 26 (100). p. 13.
13. Anon. (13). 1969. Uit Klassis Nossob. Die Brandende Doringbos, XVII (68). p. 11.
14. Anon. (14). 1971. Uit Klassis Nossob. Die Brandende Doringbos, XIX (74). p. 8.
15. Anon. (15). 1974. Gobabis 3. Ghanzi: Die Brandende Doringbos, 22 (86). p. 14.
16. Anon. (16). s.j. Die Gereformeerde Kerk, Ghanzi, B.P. Die Brandende Doringbos, VII (25). p. 47.
17. Anon. (17). 1952. Wyle Ouderling T.N. Kotze. (In: Almanak van die Gereformeerde Gemeente in Suid-Afrika. Potchefstroom. Admin. Buro p. 121-124)
18. BOTHA, L.J. 1985. Onderhoud op Band opgeneem
19. COETZEE, M.M. 1985. Onderhoud op Band opgeneem
20. DU PLESSIS, H.N. 1959. Nuus uit Ghanzi. Die Brandende Doringbos, VII (27) p. 31.
21. DU PLESSIS, M.M. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

22. DU PLESSIS, M.M. 1985-8-7. Brief aan outeur.

23. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1952. Handelinge van die een en dertigste Sinode te Potchefstroom op 22 Januarie 1952 en volgende dae. Potchefstroom. p. 204.

24. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1955. Handelinge van die twee en dertigste Sinode te Potchefstroom op 26 Januarie 1955 en volgende dae. Potchefstroom. p. 137 - 138

25. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1970. Handelinge van die sewe en dertigste Sinode te Potchefstroom op 21 Januarie 1970 en volgende dae. Potchefstroom. p. 377 - 378.

26. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1973. Handelinge van die agt en dertigste Sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 1973 en volgende dae. Potchefstroom. p. 425 - 426.

27. Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1970. Bylae by Handelinge. Kommissieverslae. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. AS, 27c. p. K77.

28. Ghanzi. 1909-1973. Doopregister en Lidmaatregister. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. GZI 3 en 4.

29. Ghanzi. 1948-1973. Notules Argief Gereformeerde Kerke in S.A. GZI 1/1.

30. Jerling, J.D. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

31. Klassis Suidwes-Afrika. 1924-1958. Notules. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. KSWA 3/1.

32. Klassis Suidwes-Afrika. 1946-1951. Bylaes. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. KSWA 2/1.

33. Klassis Suidwes-Afrika. 1958-1968. Notules. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. KSWA 3/2.

34. Klassis Suidwes-Afrika. 1967-1968. Bylaes. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. KSWA 2/11.

35. KOTZE, H.D. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

36. KOTZE, J.J. 1953-09-20. Brief aan ds. J. van Rooy. Argief Gereformeerde Kerke in S.A. GZI 2/1.

37. KRUGER, J.H. 1955. Ghanzi. (In: Alamanak van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Potchefstroom. Admin. Buro. p. 142-149).

38. KRUGER, M.A. s.j. Herinneringe aan Ons Bedieningstyd te Aranos (In: Gereformeerde Kerk Aranos 5) jarige bestaan 21 en 22 Junie 1980. Aranos. p. 9-10).

39. KRUGER, M.A. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

40. LOUW, H.A. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

41. OBERHOLSTER, J.A.S. 1956. Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika. Hul ontstaan en ontwikkeling. HAUM. Kaapstad-Pretoria. p. 253-255.

42. RUSSEL. M+M. 1979. Afrikaners of the Kalahari. White Minority in a Black State. Cambridge University Press: Cambridge p. 99-117.

43. SNYMAN, W.J. 1970. Uit ons verlede. Die Brandende Doringbos, XVIII (71). p. 16.

44. VAN DER MERWE, A.A.E. 1953. Vir die Susters. Die Brandende Doringbos, II (7). p. 17.

45. VAN DER MERWE, D.C.S. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

46. VAN DER MERWE, P.J. Ons halfeeu in Angola (1880-1828). Afrikaanse Pers-Boekhandel: Johannesburg. p. 207-217.

47. VAN DER WALT, J.P. 1983. Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Ghanzi. Ongepubliseerde referaat. PU vir CHO.

48. VAN ROOY, J. 1975. Oom Theunis Kotze. Die Brandende Doringbos, 24 (90) p. 11-12).

49 VAN STADEN, B. 1985. Onderhoud op Band opgeneem.

50. WELDING, J.F., s.j. Aranos Oktober 1969 tot Maart 1977. (In: Gereformeerde Kerk Aranos 50 jarige bestaan 21 en 22 Junie 1980. Aranos. p. 10-12)